

Erfenisstigting-argief

Verw. PV 27

**INVENTARIS VAN DIE
ALFONSO SMUTS-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Februarie 2018

Pretoria

Voorwoord:

Alfonso Smuts is 'n beeldhouer wat veral in sy eie ingevoerde homogene “Biancopia” Carrara-marmer gewerk het. Na matriek het hy vir die Staatsdiens gewerk. Tydens sy diens het hy die Johannesburgse Tegniese Kollege vir boetseer- en gipswerk besoek en later die Pretoriase Tegniese Kollege waar hy onderrig ontvang het van ondermeer Anton van Wouw. In 1948 bedank hy uit die Staatsdiens om voltyds as professionele beeldhouer opgelei te word.

Tussen 1948 en 1951 het hy in Europa opleiding ontvang. Die lewensgetroue realisme van sy beeldhouwerke is begrond deur sy bestudering van die anatomie van mense- en diereliggame wat hy in Oostenryk gedoen het. Van sy publieke opdragte sluit in: die lewensgrootte standbeelde van pres. M.W. Pretorius en Dirk Uys in Wakkerstroom (1959), die lewensgrootte bordsbeeld van Casparus de Coligny vir Hoërskool Coligny (1960) en die Kaalvoetvrou by Kerkenberg (1977). Sy kreatiwiteit het ook uitdrukking gevind in houtwerk, sketse en ongepubliseerde kortverhale.

'n Onverwense ideaal van Alfonso en sy vrou Nina, was die duplisering van die huis waarin pres. Paul Kruger in Clarens, Switserland gewoon het, op “Ou Werf” in Clarens, Vrystaat. Hierdie ideaal was nie gedurende 1960 – 1965 vatbaar nie.

Die versameling is in Februarie 2018 aan die Erfenisstigting deur Alfonso Smuts se seun, Leon Smuts, geskenk. Dit is gehou in die volgorde soos wat dit ontvang was. Dit bestaan hoofsaaklik uit korrespondensie, biografie en artikels.

Inhoudsopgawe:

Bl

1. Artikels	1
2. Bethlehem kunsuitstalling	1
3. Biografie	1
4. Clarens (Krugersterfhuis)	1
4.1 Korrespondensie	
4.2 Transportaktes	
4.3 Ooreenkomste / Kontrakte / Koopbriewe	
4.4 Allerlei	
5. Coert Steynberg	1
6. Coligny beeld	1
7. Glasnegatiewe	1
8. J.G. Borman skilder	1
9. Kaalvoetvrou	1
10. Marmer / Beeldhouwerke	1
11. Memorandums (Allerlei)	2
12. Opdragte gemeng	2
13. Vrede van Vereeniging gedenkteken	2
14. Wakkerstroom Eeufeesbeeld	2